Die Wapad

JAARGANG XIX — WOENSDAG, 23 SEPTEMBER 1964 — NR. 14

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

CLAASSEN GROBLER (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

# FANIE DU PLESSIS HERKIES AS VOORSITTER

**VYF LEDE van die Studenteraad van 1964 is Dinsdag weer herkies vir 1965. Mnr. Fanie du Plessis sal vir 'n tweede termyn as voorsitter van dié liggaam in 1965 optree, terwyl mnr. Roelf du Plessis herkies is as onder-voorsitter; mnr. Pieter van der Walt, wat in 1964 S.S.B.-verteenwoordiger op die S.R. was, is gekies as sekretaris; mnr. Frik van Deventer, die 1964 sekretaris, is A.S.B.-verteenwoordiger en mnr. Dries Coetzer is herkies as verteenwoordiger van Korps.**

**Dit sal die derde jaar wees dat mnr. Fanie du Plessis op die S.R. sal dien. Sy eerste verskyning op die liggaam het hy in sy derde jaar in 1963 as onder-sekretaris gemaak. Met die verkiesings aan die einde van verlede jaar het mnr. Du Plessis opspraak verwek toe hy as een van die jongste voorsitters van die S.R. verkies is.**

Vanjaar het mnr. Du Plessis naam gemaak as 'n ferm voorsitter en veral wat die konferensies met Rhodes en te Kaapstad betref, het hy hom onderskei as leier. Hy is ook vanjaar op die Hoofbestuur van die A.S.B. verkies.

Ook mnr. Roelf du Plessis sal in 1965 vir die derde keer op die Studenteraad dien. In die helfte van 1963 is hy as A.S.B.-verteenwoordiger op die liggaam verkies in die plek van mnr. Pottie Potgieter wat bedank het. Aan die einde van verlede jaar het hy ondervoorsitter van die S.R. geword en dit was feitlik 'n uitgemaakte saak dat hy h e r k i e s sou word tot hierdie pos.

**BEKENDE SPORTMAN**

Die nuwe sekretaris van die S.R., mnr. Pieter van der Walt is 'n bekende sportman op die Puk en was dan ook vanjaar verteenwoordiger van die S.S.B. op die Studenteraad.

Mnr. Van der Walt is veral op die tennisbaan 'n ou bekende en hy was die afgelope jaar kaptein van die tennisklub, asook voorsitter van die S.S.B. Ook op kultuurgebied het mnr. Van der Walt hom onderskei en hy was ook leier van die volkspelelaer.

Mnr. Frik van Deventer is geen onbekende by die massa nie. Die afgelope twee jaar het hy veral as gewilde hoofdirigent bekendheid verwerf. Dit sal ook sy derde jaar op die Studenteraad wees. In 1962 en 1964 was mnr. Van Deventer onderskeidelik onder-sekretaris en sekretaris van die liggaam.

Mnr. Andries Coetzer sal vir die tweede agtereenvolgende jaar die Korpsverteenwoordiger op die Studenteraad wees. Hy was hierdie jaar ook voorsitter van K.V.V.



FANIE DU PLESSIS

(Foto: Fotokuns)

## Redakteur van die Pukkie

**Mnr. J. A. du Plessis, 'n derdejaar B.A.-student, is deur die Studenteraad aangewys as redakteur van Die Pukkie vir aanstaande jaar.**

Waar Vreugdedag nou verval het, het Die Pukkie aansienlik in belangrikheid toegeneem en die redaksie van die blad sal ook verantwoordelik wees vir 'n funksie die aand voor die Pukkieverspreiding.

Mnr. Du Plessis het vanjaar op die Vreugdedagkomitee gedien en met twee jaar ondervinding op die redaksie van die humoristiese koshuisblad ,,Die Rasper'', is hy uitgeknip vir sy pos.



J. DU PLESSIS

## Bydraes vir Pukkie

**Alhoewel dit nog 'n geruime tyd is voordat die volgende Pukkie moet verskyn, is die redaksie reeds volstoom aan die werk. Enige bydrae van watter aard ook al, hetsy tekeninge of 'n grappige opstel of grappies, sal baie welkom wees.**

**Bydraes kan in die Pukkie-bussie by die S.R.-kantoor geplaas word.**

## NEGE STRYDROSSE SPAN UIT

**Met die verkiesing agter die rug, en die nuwe studenteraad alreeds stewig in die tuig, het die studentegemeenskap hulle al reeds aanvaar. Menige student sal egter met dank kan terugkyk op die jaar wat verby is.**

Die uittredende studenteraadslede het in die jaar wat verby is hulle deel bygedra tot die gladde verloop van die studentelewe.

Mnr. A. Roodt het op die studenteraad gedien as A.S.B. verteenwoordiger. In hierdie hoedanigheid het hy ook die Universiteit se naam hoog gehou op die Hoofbestuur van die A.S.B. totdat menigvuldige ander pligte hom genoop het om te bedank as A.S.B. Hoofbestuurslid.

Mnr. A. G. Schutte was ook op die studenteraad as A.S.B. verteenwoordiger.

Met dank vir sy werk word ook aan mnr. F. van der Walt K.V.V. verteenwoordiger totsiens gesê.

Die sokkerkaptein en S.S.B. verteenwoordiger op die studenteraad, mnr. Paul Steyn, verlaat die Puk om te gaan ondewys gee.

Die A.B.K.K. verloor beide sy verteenwoordigers op die studenteraad, mnre. N. Heystek en F. de Villiers. Mnr. De Villiers sal volgende jaar die Hoofredakteurskap van ,,Die Wapad'' waarneem.

Die volgende persone het uitgetree uit die dagbestuur: Mnr. W. Doubell en Mnr. G. Scholtemeijer.

Mej. K. Jordaan, Damesverteenwoodrigster, sal volgende jaar nie meer 'n Puk wees nie. Sy tree dus ook uit na 'n baie suksesvolle jaar in die studentelewe.

**Kort lewenssketse van die nuwe S.R.-lede verskyn op bl. 3.**

## *Mej. Adri Griffioen Nuwe Hoofdame*

**Die hoofdame en drie van die vier onder hoofdames wat tydens die Dames huiskomitee-verkiesing op Maandagaand, 21 September, gekies is, kom uit De Klerkshuis. Hulle is Adri Griffioen (hoofdame), Hendrien Venter, Cecilia Schutte en Rickie Smith.**

Adri Griffioen en Hendrien Venter is tans nog in De Klerkhuis en Riekie Smith en Cecile Schutte is vanaf die begin van 1964 onderskeidelik in Ons Huis en Oosterhof woonagtig waar hulle as lede van die huiskomitee gedien het.

Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat die hoofdame uit De Klerkshuis gekies word. Kristie Jordaan, hoofdame van 1964, was sedert haar eerste jaar en tot aan die einde van haar derde jaar in De Klerkshuis en Adri Griffioen, hoofdame van 1965, sal volgende jaar dieselfde weg moet volg.

Barbara Geertsema, hoofdame van 1963, was tot aan die einde van haar tweede jaar in De Klerkshuis en Alta de Kock, hoofdame van 1962 was in haar eerstejaar in De Klerkhuis.

Sannie van der Walt, onderhoofdame in Piet Groblerhuis in 1963, was ook in haar eerste- en tweedejaar in De Klerkshuis.

Riekie Smith as onderhoofdame( dienende as hoofdame van Ons Huis, sal aanpas by die tradisie van haar voorgangers, Greta van der Merwe (1963) en Nicolette Coetzee (1964), wat ook tot en met die derde jaar in De Klerkshuis woonagtig was.

Lourien Human is die enigste ander hoofdame wat nie in De Klerkhuis woonagtig was nie en sal hoofdame van Piet Groblerhuis wees in 1965.

## WAPAD POSTE

**Aansoeke word ingewag v'r die volgende ,,Wapad''-poste vir die termyn 1964-1965:**

**Assistent - hoofredakteur, Nuusredakteur, Tegniese redakteur, Sportredakteur, Variaredakteur, Kunsredakteur, 6 Verslaggewers, 4 Sportverslaggewers, Fotograaf, Sirkulasiebestuurder, Advertensiebestuurder en Penningmeester.**

**Aansoeke vir al bogenoemde poste moet nie later as Vrydag 25 September 1964 in die bussie van ,,Die Wapad'' by die S.R.-kantoor geplaas word nie.**

DIE BULT APTEEK
TOMSTRAAT 88b en 88c
*KOM KYK NA ONS . . . N-U-W-E PERSEEL!*
*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*

LA VOGUE
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste
*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*
NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

*Die Wapad*

WOENSDAG, 23 SEPTEMBER 1964

# DANKBAARHEID

**Die jaar is vinnig besig om ten einde te snel — oor bietjie meer as twee en 'n half maande begin die vakansie alweer, maar voor daardie tyd moet die eksamen nog eers afgehandel word.**

Op sigself is dit glad nie so 'n lekker vooruitsig nie, maar elke opdraande het 'n afdraande aan die ander kant. Voor mens dit besef is 'n jaar verby — dit klink amper onmoontlik dat die akademiese jaar al ten einde snel. As ons nou terugkyk na alles wat die afgelope jaar gebeur het, dit maak nie saak op watter terrein nie, dan kan ons nie anders as om met dankbaarheid teenoor die Skeppr vervul te wees nie. Soveel dinge het gebeur en ons is nog heelhuids — is dit nie rede genoeg om te besef dat ons tog maar net 'n stoffie aan die weegskaal is nie? 'n Vraag wat vandag baie gestel word, is: Aanvaar ons nie baie dinge in die alledaagse lewe as vanselfsprekend nie? As studente wat aan 'n Universiteit met 'n leuse ,,In U Lig'' studeer, hoop ons nie dat dit die geval is nie.

Die geleentheid doen hom ook nou weer voor om die nuwe Studenteraad wat verkies is, van harte geluk te wens. Ons vertrou dat u die volle steun van die massa sal geniet en dat u steeds sal poog, soos in die verlede om die studentelewe aan hierdie Universiteit in die regte rigting te hou, nie dat onsself nie ook poog om dit te doen nie, maar daar moet tog 'n touleier wees. Veral in so 'n georganiseerde samelewing is dit uiters noodsaaklik.

# In U Lig

Die Here sal heil verskaf. Nie alleen is dit die betekenis van Jesaja se naam nie maar ook die inhoud van sy profesieë. Die Here van die leërskare sal die Lig verskaf waarin die mens moet wandel.

Hoe anders doen die Here dit. Soms heeltemal teen die planne van die mens in. Die mens kom in opstand daarteen — hy wil sy eie heil verskaf en da nso baie keer sonder God. In hierdie eie heilsbewerking kom die mens tot hoogmoed en verhef hy hom teen God. Hy vertrou op sy eie handwerk en verblind deur sy prestasie bemerk hy nie dat hy van God vervreemd word nie. I.p.v. te verhoog,

**JESAJA 2 : 5 en 22**

verneder hy homself. En in die diepste moeras van sonde en ongeregtigheid besef hy nie dat hy min werd is nie.

Dit was die geval met die Jerusalem waarin Jesaja geleef het. Maar dit is ook die geval met die wêreld waarin ons vandag leef.

In Jesaja 2 vind ons die skildering van twee Jerusalems. Die een soos God dit beplan en die ander een soos die mense dit beplan.

Die Jerusalem soos hy werklik is, is ver van God verwyder al meen sy inwoners dat hulle in God se lig wandel Min besef hulle dat die lig waarin hulle wandel eintlik duisternis is. Hule vertroue is gerig op die goud en silwer wat hulle land binnestroom. Hulle verwag heil van die leër en vloot wat hulle opgebou het. Perde en strydwaens moet hulle redding verseker. En boonop alles is hulle besig om hulle neer te buig voor afgode. Afgode met hul eie hande gemaak. Die skepsel het vir hulle God geword. So eng is Jerusalem se afdwaling en sonde dat Jesaja sien hoe onafwendbaar God se oordeel is.

God sal al daardie dinge wat so veel vir die mens beteken, uitwis. Die hoë bome en berge sal gelyk gemaak word met die aarde. En as al die sterk en stewige dinge so val, wat is die mens dan tog dat met hom gereken kan word? Hy is tog so min werd. Die lewensasem sit maar net in sy neus en kan enige oomblik die mens deur die deure van die neus verlaat. Kan die mens dan nog enige vertroue op homself stel? Belsis nie! Daar bly van sy eie heilsbewerking niks meer oor nie. Alles is vernietig.

Hier wys Jesaja die pad aan: Kom huis van Jakob en laat ons wandel in die Lig van die Here. Kyk die vreemdelinge en heidene soek na die weg van die Here. En julle, uitverkorenes van God, wil jul eie weg bewandel. Tot julle skande het die ander nasies en volkere die genade van God gaan soek terwyl julle dit veragtelik verwerp het. Laat God julle heil bewerk en sorg net dat julle in Sy lig sal wandel. Vervul net die roeping en taak wat Hy aan julle opgedpra het.

Laat ons wat bevoorreg is om ons studie ,,In U Lig'' te kan doen, dit nimmer veragtelik weggooi nie. Dit kan ook aan ander gegee word. Ook in ons omgang in die hele lewe en nou in die studentelewe, soek die heil wat God vir ons bewerk het. Die heilsbewerking sonder God lei tot hoogmoed en bring Godsvervreemding mee. Vertrou op God en wandel in Sy lig. Dit is die heil wat Hy vir ons bewerk het: Om in Sy Lig te kan wandel.

REDAKSIE
**Hoofredakteur: Hennie Viljoen — Tel. X09.**
**Assistenthoofredakteur: Gert de Ru — Tel. X096.**
**Tegnieseredakteur: Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Nuusredakteur: Gert Krüger — Tel. X09.**
**Sportredakteurs: Reinie Monster — Tel. X09.**
**Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Varia: Paul Steyn — Tel. X041.**
**Adri Griffioen — Tel. X044.**
**Kunsredaktrise: Wilna Krüger — Tel. X044.**
**Interuniversitêr: Hannes van der Walt. — X068.**

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

AANTREKLIKE LOOPBANE

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:

| | Indien in besit van | Aanvangsalaris |
|---|---|---|
| Assistent-ingenieur | B.Sc. Ing. | R2,250 p.j. |
| | B.Sc., B.Ing. (Stellenbosch) M.Sc. | R2,400 p.j. |
| | M.Ing. (Stellenbosch) Ph.D. D.Sc. | R2,550 p.j. |
| Metaalkundige / Skeikundige | B.Sc. | R1,950 p.j. |
| | Hons.-B.Sc. | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. | R2,250 p.j. |
| Bestekopmaker | Diploma Bourekening | R1,950 p.j. |
| | B.Sc. Bourekening | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. Bourekening | R2,250 p.j. |
| Klerk (vir opleiding as administratiewe amptenaar) | 'n Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R1,425 p.j. |
| | 'n Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis | R1,650 p.j. |
| | 'n Magistergraad | R1,875 p.j. |
| | 'n Doktorsgraad | R2,025 p.j. |

Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, Kamer 39, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.

LS/L/3546

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi Wintermateriaal
★
Nomotta-wol in Voorraad

# Nuwe S.R.-Lede Vir 1964-65

*Nege nuwe lede sal in die termyn 1964/65 op die Studenteraad dien. Hier volg 'n kort lewensskets van elkeen:*

## MEJ. CECILIA SCHUTTE

**Mej. Cecile Schutte, huiskomiteelid van Oosterhof, is tydens die 1964 S.R.-verkiesing as damesverteenwoordigster verkies. Vyf ander kandidate was ook genomineer.**

Cecile het in 1961 gematrikuleer aan die Helpmekaar Hoërskool met eersteklas en onderskeiding in Wiskunde en Duits. In dieselfde jaar word sy ook tydens die Republiekfees tot Junior-Burgemeester van Johannesburg verkies.



Foto: Fotokuns

In 1962 skryf sy in by die Puk en is van voorneme om volgende jaar Wiskunde Honneurs aan te durf.

Cecile het haar in die studentelewe onderskei deur in 1963 as addisionele dameslid op die A.S.B. verkies te word en ook lid te word van die huiskomitee van Oosterhof.

Cecile het ook as waarnemer van die plaaslike A.S.B.-tak die 1964 A.S.B.-kongres op Potchefstroom bygewoon.

Op sportgebied het sy 'n aktiewe belangstelling in tennis.

## Danie van Wyk

Reeds op skool het mnr. D. J. (Danie) van Wyk sy gebalanseerde veelsydigheid getoon deur beide met ses onderskeidings te matrikuleer asook in die eerste rugbyspan en as hoofseun van die Hoërskool Jim Fouché te dien. Ook het hy vir die Vrystaatse skolespan gespeel en staan daar vandag nog 'n atletiekrekord agter sy naam.

In 1962 skryf hy in vir die graad B.Sc. aan die P.U. vir C.H.O. In dieselfde jaar speel hy vir die Puk onder-19A, asook vir Wes-Transvaal onder-



Foto: Fotokuns

19. In 1963 dien hy as voorsitter van die Tweedejaarskomitee, kaptein van die onder-19A's asook op die Wapad. In 1964 speel hy vir die eerstespan asook Wes-Transvaal onder-20, terwyl hy Wes-Transvaal ook op atletiekgebied verteenwoordig. Terselfdertyd dien hy ook op die Wapad en die Rasper. Verder woon hy in 1963 en 1964 die A.S.B.-kunsfeeste by as lid van die volkspele-demonstrasiegroep.

## Lou van Wyk

In die persoon van Lou van Wyk kry die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur 'n verteenwoordiger op die Studenteraad wat bekend is vir sy ywer en oorspronklikheid.

Op die terrein van Kuns en Kultuur het hy waardevolle werk verrig as voorsitter van die Diskoteekkomitee, addisionele lid van Alabama, penningmeester van die Skaakklub. Hy het twee keer op die redaksie van die Pukkie gedien, eers as penningmeester en in 1963 as redakteur. In 1962 was hy ook penningmeester van die A.S.B. en lid van die A.B.K.K.

Hy is vir die tydperk 1963 op die Studenteraad verkies as penningmeester maar het aan die einde van die jaar bedank. Aan die einde van die jaar verkry hy die B.Comm.-graad met onderskeiding in Handel, Geld en Bankwese en in Ekonomie. Op die oomblik is hy besig met die graad B.Comm. (Honns.).



Foto: Gisela Maiwald

## Andries du Plooy

A. le R. (Andries) du Plooy is op 22 Oktober 1944 te Florida gebore. Hy matrikuleer in 1962 aan die Hoër Gimnasium Potchefstroom, waar hy as prefek en koshuishoofseun gedien het. Reeds hier het hy hom as 'n veelsydige sportman bewys deur vir sy skool se eerste rugby- krieketen atletiekspanne op te tree.

Hy skryf in 1963 in aan die P.U. vir C.H.O. vir die graad B.A. (Propedeuties). Agtereenvolgens speel hy onder-19A en onder-20A, laasgenoemde ook vir Wes-Transvaal. Hy dien op die Tweedejaarskomitee asook op die bestuur van Korps gedurende 1964. Vir die termyn 1964-1965 is hy gekies as ondervoorsitter van die J.V.-Concordia.

## LOU AUCAMP

Mnr. L. D. (Lourens) Aucamp het in 1958 aan die Hoërskool Vrybrug gematrikuleer. In 1959 skryf hy in aan die P.U. vir C.H.O. vir die graad B.A. (Propedeuties), wat hy ook in 1962 behaal. Op die oomblik is hy besig met Th.B.-studie.

Op sportgebied speel hy rugby (1962), hokkie, krieket en sokker (1963 en 1964), terwyl hy ook op die jukskeibestuur vir drie jaar dien.

Hy dien as J.V.-voorsitter (1962-1963), asook op die Afdeling en Bondsbode-redaksie, op die redaksie van die Goue Kandelaar in 1964, asook op die T.S.V.-bestuur vir 1964-1965. Ook dien hy in 1964 as sekretaris van Korps, en maak die Thalia-toer van 1964 mee.



Foto: Fotokuns



Foto: Fotokuns

## Kobie van der Walt

Nadat hy hom reeds as veelsydige sportman en studenteleier op talle gebiede uitgewys het, is mnr. L. J. (Kobie) van der Walt verkies as voorsitter van die plaaslike A.S.B.-tak en verteenwoordiger van die A.S.B. op die Studenteraad

Op 17 Maart 1942 is hy te Edenburg gebore. In 1959 matrikuleer hy aan die Hoërskool Voortrekker in Pietermartizburg. Reeds op skool het hy hom as 'n veelsydige sport-

(Vervolg op Bladsy 4)

## REINIE MONSTER

**Reinie Monster is op 16 Augustus 1942 in Johannesburg gebore. In 1960 voltooi Reinie sy skoolloopbaan aan die Helpmekaar Hoër Seunskool.**

Reeds op skool het hy op die gebied van sport uitgeblink. In 1960 word hy ingesluit in die Transvaalse Afrikaanse Hoërskole krieketspan.

In 1961 skryf mnr. Monster in aan die Universiteit van Pretoria vir die graad B.A. In 1962 sit hy sy studies voort aan die P.U. vir C.H.O. en behaal die graad B.A. in 1963.

Mnr. Monster het hom reeds as leier uitgewys hier aan ons universiteit. In 1963 word hy as sekretaris van die krieketklub gekies en word kaptein in 1964.

Ook op die gebied van kultuur het mnr. Monster hom uitgewys. In 1963 toer hy saam met die Thalia Toneelvereniging na S.W.A. en speel ook een van die rolle en in 1964 word hy as voorsitter verkies en tree op as toerleier met die toer na die Boland.

Vanjaar het hy ook op die Wapadredaksie gedien as sportredakteur.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat Reinie ook 'n waardige en bekwame lid van die studenteraad sal wees — 'n man wat hom reeds uitgewys het in die studentelewe.



Foto: Fotokuns

MOENIE KANSE VAT NIE . . .

*Kies*

**FOTOKUNS**

*vir*

**PORTRETTE**

*en*

**GROEPFOTO'S**

MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

VZ004034/2

# Nuwe Besture Van Die Onderliggame

*Die volgende besture van die verskillende onderliggame van A.B.K.K. en die S.S.B. vir aanstaande jaar is verlede Dinsdag verkies:*

## S.S.B.

**STOEI**

Kaptein: J. J. Brand.
O/Kapt.: J. J. Viljoen.
Sekr.: F. Erasmus.
Penningm.: R. F. Botha.
Add. lid: D. Bosman.
S.S.B. verteenw.: J. J. Brand en F. Erasmus.

**GIMNASTIEK**

Voorsitter: W. J. Putter.
Kaptein: P. W. Vorster.
Kapteine: H. v. d. Walt.
Sekr. Penningm.: G. Strydom.
Add. Manslid: T. v. d. Walt.
Add. Dameslid: R. de Klerk.

**JUKSKEI**

Kaptein: J. van Vuuren.
O/Kapte.: Mej. D. Eloff.
Penningm. L. Fouche.
Sekr.: T. v. d. Walt.
Add. Lede: E. v. d. Merwe en J. Welding.

**TAFELTENNIS**

Kaptein: P. Marais.
Kapteine: B. Brits.
Sekr.: P. v. d. Walt.
Penningm. W. Frauendorf.
Add. lede: L. v. d. Walt, A. Rossouw, W. Bosman, G. Uys, S. de Kock.

**SWEM**

Kaptein: Q. Hakkesteeg.
Kapteine: A. du Plessis.
Sekr.: L. v. d. Walt.
Penningm.: A. du Plessis.
Sekr.: L. v. d. Walt.
Penningm.: F. Botha.
Add. lede: V. Steenkamp, R. de Klerk.

**KRIEKET**

Kaptein: W. Roux.
O/Kapt.: Lappies Labuschagne.
Sekr.: K. Viljoen.
Penningm.: S. Venter.
Add. lid: R. Monster.

**JUDO**

Voorsitter: M. Roode.
O/Voors.: C. Jordaan.
Sekr. Penm.: S. v. d. Walt.
Add. lede: A. de Jager, M. Lourens.

**DAMESHOKKIE**

Kapteine: S. Swanepoel.
O/Kapteine: R. Alberts.
Sekre.: M. Kotze.
Add. lid: D. Snyman.
Penningm.: M. Hattingh.

**PLUIMBAL**

Kaptein: P. Kruger.
O/Kapt.: T. Khün.
Sekr.: R. de Klerk.
Penningm.: N. du Preez.
Add. lede: J. de Wet, M. Kruger, W. van Kralingen.

**ATLETIEK**

Voorsitter: Mnr. K. Bosman.
O/Voors.: Mnr. F. van Zyl.
Kaptein: P. Botha.
O/Kapte.: L. Human.
Penningm.: C. v. d. Walt.
Sekr.: J. Viljoen.
Add. dameslid: E. Bos.
Add. Manslid: W. Coetzee.

**RUGBYKLUB**

President: Prof. S. P. van der Walt.
Voorsitter: Prof. H. Venter.
O/Voors.: Mnr. J. Schutte.
Kaptein: J. Viljoen.
O/Kapt.: Kobie v. d. Walt.
Sekr.: H. van Zyl.
Penningm.: D. Tromp.
Add. lid: P. du Plessis.

**MANSHOKKIE**

Kaptein: P. Kempf.
O/Kapt.: B. Snyman.
Sekr.: J. v. d. Walt.
Penningm.: A. du Plessis.
Add. lid: P. Mulder.

**TENNIS**

Kaptein: P. v. d. Walt.
O/Kapte.: H. Dreyer.
Sekr.: D. Smith.
Penningm.: P. v. d. Walt (Jnr.).
Add. lede: J. v. d. Walt, Lappies Labuschagne, M. Vorster.

**KORFBAL**

Kapte.: L. Human.
o/Kapte.: E. Bos.
Sekre.: S. Moodie.
Add. Lede.: M. Uys, J. Wissing.



**Mnr. Hannes van der Walt die nuwe Redakteur van die Besembos.**

**SKERM**

Voors.: N. Coetzee.
Kapt.: J. H. v.d. Walt.
Penningm.: S. Green.
Add. Lede.: G. H. Kuhn.

**SOKKER**

Kapt.: J. van Wyk.
Sekr.: M. Pretorius.
Penningm.: J. v. Graan.
Add. Lede: J. du Plessis, P. van Vuuren.

## A.B.K.K.

**DEBAT**

Voors.: A. S. de Beer,
o/Voors.: C. F. de Villiers.
Sekr.: E. E. Theron.
Penningm.: G. S. Labuschagne.
Add. Lede.: D. Wijnbeek, E. M. Viljoen.

**SKAAK**

Voors.: N. Vreken.
o/Voors.: A. Neethling.
Sekr.: F. Coetzee.
Add. Lede.: Z. Joubert, K. Smith.

**ALABAMA**

Voors.: C. Nel.
o/Voors.: J. v. Rensburg.
Sekr.: K. Grobler.
Penningm.: S. Conradie.
Add. Lede: H. Badenhorst, R. Smith, S. Kruger.

**VOLKSPELE**

Leier: N. v. d. Merwe.
Onderleier: J. Jooste.
Leidstr.: M. Vorster.
Sekr.: B. de Klerk.
Org.: S. Venter.
Penningm.: J. A. Kruger.
Add. Mans.: J. Schutte.
Add. Dames.: W. le Roux, T. Geere.

**THALIA**

Voors.: J. Breedt.
o/Voors.: H. Viljoen.
Sekre.: A. Griffioen.
Penningm.: J. Schutte.
Add. Lede: N. Vreken, T. Kühn, R. v. d. Walt.



**Jona Viljoen wat herkies is as Rugbykaptein.**
Foto: Fotokuns

# LEIERS VAN NUWE HOOFLIGGAME

**Die nuwe besture van die vier hoofliggame van die Studenteraad is as volg:**

**S.S.B.**

Voors.: R. Monster.
o/Voors.: D. van Wyk.
Sekr.: P. Kempff.
Penningm.: J. van Vuuren.
Mans Add.: S. Venter, J. v. Rooy, J. Bradley, C. van Ryssen.
Dames Add.: M. Vorster, M. du Plessis.
S.R. Vertw.: K. v.d. Walt, F. van Deventer.

**A.B.K.K.**

Voors.: N. v.d. Merwe.
Sekre.: M. du Plessis.
Penningm.: A.S. Labuschagne

**A.S.B.**

Voors.: K. v.d. Walt.
o/Voors.: F. van Rensburg
Sekr.: B. de Klerk.
Org.: J. Schutte.
Penningm.: D. Steyn.

**K.V.V.**

Voors.: L. Aucamp.
o/Voors.: A. le R. du Plooy.
Sekr.: P. Kempf.
Org.: G. Coetzee.
Mans Add.: J. P. L. v.d. Walt, A. Mulder, B. Steyn, J. Breedt.
Dames Add.: M. Vorster, R. Smith.

# Nuwe S.R.-Lede Vir 1964-65

(Vervolg van Bladsy 3)

man uitgewys deur in beide die skool se eerste rugby- en -krieketspanne te speel. Ook was hy 'n prefek. In 1960 gaan hy na die Lugmaggimnasium te Valhalla.

In 1961 skryf hy in vir die Graad B.A. (Propedeuties) aan die P.U. vir C.H.O., welke graad hy in 1963 behaal. Op die oomblik is hy in geskryf vir Th.B.

In sy eerste jaar is hy kaptein van die onder-19A rugbyspan, en speel ook vir Wes-Transvaal. Vanaf sy tweede jaar speel hy pal vir die Puk se eerste rugbyspan. Erekleure is so pas aan hom toegeken.

In 1962 dien hy op die Geselligheidskomitee; in 1963 op die Vreugdedagkomitee en Goue Kandelaar en Korps; in plaaslike A.S.B., op die hoofbestuur van die A.S.B. as direkteur vir Kulturele Aangeleenthede, asook op die koshuiskomitee van Dawie Du Plessishuis.

## Nico van der Merwe

Reeds vanaf sy jeug het mnr C. N. (Nico) van der Merwe hom geopenbaar as toegewyde kultuurman en organiseerder. Daarom ook dat sy verkiesing as voorsitter van die A.B.K.K. en verteenwoordiger van die A.B.K.K. op die Studenteraad te verwelkom is.

Hy matrikuleer aan die Hoërskool Sentraal, Bloemfontein, in 1960. Hier het hy deelgeneem aan die skoolorkes, kunswedstryde; toneel, volkspele asook aan atletiek.

In 1961 skryf hy in aan die P.U. vir C.H.O vir die graad B.A. (Propedeuties). Reeds vanaf sy eerste jaar speel hy in die Alabama-orkes. In 1962 gaan hy toer saam met Alabama, en dien ook in die Volkspele-demonstrasiegroep. Gedurende 1963 is hy op die re-



daksie van die Rasper, organiseerder van die J.V. en woon die A.S.B.-kunsfees by as lid van die Volkspeledemonstrasiegroep. Gedurende 1964 dien hy op die besture van die A.S.B., A.B.K.K., Volkspele, J.V Deo Gloria, Rasper, asook as organiseerder van die Afdelingsbestuur van die J.V., en woon sy tweede A.S.B.-Kunsfees by.



**Foto: Gisela Maiwald**

## COENIE NEL

Mnr. C. F. (Coenie) Nel is op 13 Oktober 1942 te Johannesburg gebore.

Hy matrikuleer in 1960 aan die Kensingtonse Hoërskool. In 1961 skryf hy in aan die P.U. vir C.H.O. vir die graad B.Comm, welke graad hy teen die einde 1963 behaal. Tans is hy besig met sy Honneursgraad. In 1962 toer hy saam met Alabama, en in 1964 saam met Thalia. Hy speel hokkie terwyl hy ook met die afrigting van hokkie vir skoolkinders help.

PARKSIG
EIENDOMSAGENTSKAP
★ HUISE
★ PLASE
★ PLOTTE
★ BESIGHEDE
★ STANDPLASE
*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*
1486 —— Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

GISELA MAIWALD
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 —— POTCHEFSTROOM

Die Bruidshoekie
*Die winkel vir die Bruid en haar gevolg*
TELEFOON 315 KERKSTRAAT 106

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*